

BESLUITEREGISTER 2021

BESLUIE GENEEM TYDENS DIE NEGENTIEDE SITTING VAN OOSTELIKE SINODE

1.3 Konstituering

Die voorsitter versoek die Uitvoerende Amptenaar, Francois Retief, om die konstituering te hanteer. Daar is tans 193 afgevaardigdes uit 'n moontlike 202 wat op die geloofsbriewe verskyn, teenwoordig. Dit is meer as twee-derdes (161) van die afgevaardigdes (Punt 3.1.3 van die Reglement vir Orde "*'n Meerdere vergadering konstitueer wanneer ten minste twee derdes van die afgevaardigdes teenwoordig is*").

Die Voorsitter verklaar die sinodesitting as wettig gekonstitueerd.

Aanbeveling 3.9.1 bladsy 7 van die Agenda: Die vergadering keur goed dat – in ooreenstemming met 1.1 van die Reglement van Orde (Familiereëls 2021) wat lui "alle vergaderinge word met oop deure gehou tensy die vergadering anders besluit" - sekere sessies van hierdie sinodesitting geslote sal wees."

Goedgekeur.

=====

2.5.1 Ordemosie

Die Sinode neem kennis van Burgersfort se beskrywingspunte asook die skrywes van die ringe van Lydenburg en Witbank.

Die Sinode besluit om haar eie identiteit soos vasgevang in die familiemetafoor te handhaaf. Die Sinode besluit gevolglik om die huidige sitting te omskep in 'n eerlike en oop familiegesprek waar daar onbevange na die vrese en vertwyfeling, ongelukkighede en bekommernisse van sommige familielede geluister word, maar ook na die oortuiging van ander familielede wat hulle eens voel met die besluite van die Algemene Sinode 2019, sonder dat die swaard van 'n spesifieke aanbeveling oor die kop van die sinode hang.

Die Sinode besluit om na afloop van hierdie openhartige gesprekke oor moontlik nuwe en toepaslike voorstelle besluite te neem indien nodig.

Voorsteller: Leon Westhoff

Sekondant: R Botha

2.5.2 Die voorsitter reël dat die orde-mosie gehonoreer word. Hy reël dat daar nou voortgegaan sal word met 'n gesprek oor die 5 punte van Burgersfort se beskrywingspunt sonder om na elke punt te stem. Daar gaan aan die einde van die gesprek geleentheid wees vir die afgevaardigdes om aan te dui of hulle oor elk van die 5 punte wil stem – en of daar ander moontlikhede is wat ontgin kan word.

=====

- 3.9 Die voorsitter, Dirkie van der Spuy, vra die Uitvoerende Amptenaar, Francois Retief, om **Verslag 4** op bladsy 37 van die Agenda "**Verslag van die Uitvoerende Amptenaar rakende die goedkeuring van Familiereëls 2021**" met die vergadering te hanteer.

Francois Retief hou die aanbeveling by 4.7 aan die vergadering voor.

Aanbeveling: Die Sinode kondoneer die proses wat gevolg is met die approbasie van Familiereëls 2021 en bevestig dat Familiereëls 2021 vanaf 1 September 2021 die geldige dokument is.

Goedgekeur.

=====

- 3.11 Die vergadering word gevra om met kleurkaarte aan te dui of hulle oor die voorstelle van Burgersfort se beskrywingspunt wil stem.

As gevolg van die ordevoorstel, wil u oor Burgersfort se voorstelle stem? Ja / Nee

Die kaarte gee nie duidelikheid oor die mening van die afgevaardigdes nie. Daar word dus oorgegaan tot 'n proses waar afgevaardigdes met geslote stembriefies stem.

Francois Retief verduidelik die stemproses.

Besluit: Ja.

=====

Die vergadering gaan voort om oor elkeen van die 5 punte van Burgersfort se beskrywingspunt te stem. Die voorsitter gee by elke punt aan Johan Koen geleentheid vir repliek namens Burgersfort.

3.12.1 Voorstel 1 van Burgersfort se beskrywingspunt:

Die Sinode besluit dat die Algemene Sinode 2019 se besluit oor Selfdegeslagverbintenisse 'n fundamentele Teologiese skuif weg van die leer van die NG Kerk maak het en daarmee die NG Kerk onherroeplik in twee geskeur het op grond van Skrifgesag, Skrifinterpretasie, Hermeneutiek en die Teologie van die kerk.

Aanbeveling 1 van die Kerkregdiensgroep: Die Sinode stem oor die voorstel van Burgersfort.

Amendament:

Die Sinode besluit dat die Algemene Sinode 2019 se besluit oor Selfdegeslagverbintenisse 'n verdeeldheid gebring het in die NG Kerk. Die verskille in Skrif-interpretasie het tot 'n vasgelooptheid en groot ongelukkigheid gelei onder sommige gemeentes en leraars in die Sinode.

Voorsteller: PC Pretorius

Sekondant: JF Kelber

Goedgekeur met die kleurkaarte dat die amendament punt 1 van die beskrywingspunt vervang.

Gewysigde voorstel soos ge-amendeer:

Die Sinode besluit dat die Algemene Sinode 2019 se besluit oor Selfdegeslagverbintennise 'n verdeeldheid gebring het in die NG Kerk. Die verskille in Skrif-interpretasie het tot 'n vasgelooptheid en groot ongelukkigheid gelei onder sommige gemeentes en leraars in die Sinode.

Goedgekeur by wyse van geslote stembriefies.

=====

3.12.2 Voorstel 2 van beskrywingspunt:

Die Sinode bevestig dat die besluit van 2016 dat “slegs die huweliksverbintenis van een man en een vrou as 'n huwelik beskou word” en dat “seksuele gemeenskap buite so 'n vaste, formele huweliksverbintenis/verhouding nie aan Christelike huweliksriglyne voldoen nie.” (Handelinge van Oostelike Sinode – 26 Okt. 2016 – § 33.5.3)

Besluit: Kennis geneem.

=====

3.12.3 Voorstel 3 van die beskrywingspunt

Die Sinode besluit om aan gemeentes wat hulle nie langer tuis voel in Oostelike Sinode nie, die vryheid te gee om by 'n ander Sinode in te skakel waar hulle hulself tuis voel en dus so steeds binne die verband met die Algemene Sinode te bly.

Aanbeveling van die Kerkregdiensgroep

3.1 Die Sinode neem kennis dat daar reeds ruimte vir daardie kerkrade wat hulself nie langer in Oostelike Sinode tuisvoel nie, om volgens die nodige kerkordelike weë by sinodes van hulle keuses in te skakel.

3.2 Die Sinode neem kennis dat daar reeds ruimte is vir daardie kerkrade wat hulself by Oostelike Sinode tuisvoel, om volgens die nodige kerkordelike weë by Oostelike Sinode in te skakel.

Besluit: die Sinode neem kennis van 3.1 en 3.2

=====

3.12.4 Voorstel 4 van die beskrywingspunt

Die Sinode besluit om uit die verband met die Algemene Sinode te tree.

Die afgevaardigdes stem per geslote stembrief.

Besluit: Nie goedgekeur.

=====

3.12.5 Voorstel 5 van die beskrywingspunt

Die Sinode besluit dat indien die meerderheid gemeentes van Oostelike Sinode nie hul weg oopsien om uit die Algemene Sinode te tree nie, gemeentes wat nie langer deel van die Algemene Sinode kan wees nie, met leiding bedien sal word oor wyses waarop hulle wel uit verband met die Algemene Sinode kan tree.

Die afgevaardigdes stem per geslote stembrief.

Besluit: Goedgekeur

=====

3.13 Verdere voorstelle

Die voorsitter gee geleentheid vir afgevaardigdes wat verdere voorstelle wil indien. Verskeie afgevaardigdes trek hulle voorstelle terug.

3.13.1 Voorstel:

Die Sinode gee die Uitvoerende Amptenaar opdrag om in gevolge van punt 6 van die Wet op Burgerlike Verbintenisse (no 17 van 2006, Civil Union Act) aansoek te doen by die minister vir vrywaring van die verpligting om Burgerlike Verbintenisse te voltrek.

Voorsteller: Lukas Erasmus

Sekondant: GF du Toit

Besluit: Goedgekeur

=====

3.13.2 Voorstel:

Dit is duidelik dat die afgevaardigdes nie dieselfde voel en dink oor die Algemene Sinode se 2019 besluit oor SGV. Om die Sinode te help om hierdie verskillende denke binne die Sinode te akkommodeer, word die volgende voorgestel:

1. Al die gemeentes se kerkrade lig die Sinodale Diensraad in oor hulle standpunt oor die SGV-besluit.
2. Die Sinodale Diensraad fasiliteer 'n proses waarop 'n Kerkorde-pad gesoek word om die unieke eenheid van ons Sinode as familie uit te druk.

Voorsteller: T Erasmus
Sekondant: TE Homann

Besluit: Goedgekeur

=====

3.13.3 Voorstel:

Die Sinode neem kennis dat daar verskille in Skrifinterpretasie en Hermeneutiek onder die predikante van die Sinode bestaan. Die Sinode dra dit aan die Sinodale Diensraad op om 'n konferensie te reël waar voorleggings verkieslik uit eie kring gemaak word en gestruktureerde gesprekvorming om ronde tafels plaasvind.

Voorsteller: LE Westhoff
Sekondant: JC Weitsz

Besluit: Goedgekeur

=====

3.13.4 Voorstel:

Die Sinode wys beïnvloeding van predikante en van lidmate op enige wyse af as 'n onbybelse manier van doen. Dit bring verdeling en inhibeer die kerk om deur gebed en onderskeiding van die Heilige Gees oor sake besluite te kan neem. Die Sinode doen 'n beroep op predikante, kerkrade en lidmate om geestelike sake met die nodige selfbeheersing te hanteer.

Voorsteller: GF du Toit
Sekondant: Lukas Erasmus

Goedgekeur

=====